

DISSIPELSKAP. LES 12

1	GEBED
---	-------

Bid vir die leiding van die Gees van God, vir 'n bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking toe aan die Here.

2	DEEL (20 minute)	[STILTETYE] JOHANNES 11:38 – 14:31
---	------------------	---------------------------------------

Maak beurte en **deel kortliks** (of lees van) jou notas wat jy geleer het uit een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes (Johannes 11:38 – 14:31). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie bespreek wat hy deel nie

3	MEMORISERING (20 minute)	[VERSEKERINGS] HERSIEN VERSE OOR DIE CHRISTELIKE VERSEKERINGS
---	--------------------------	--

A. 'N METODE VIR DIE HERHALING/REPETISIE VAN GEMEMORISEERDE BYBELVERSE

Die hersiening van vroeër gememoriseerde verse word só gedoen:

1. Mondelinge herhaling van die nuwe Bybelverse in jou memoriseringshouer.

“Herhaling/repetering van die nuwe Bybelverse” beteken dat jy die laaste 5 Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het minstens eenmaal per dag herhaal. Die herhaling van nuut geleerde Bybelverse is die beste metode om hulle te onthou en noukeurig aan te haal. Herhaal/repeteer daarom die laaste 5 memoriseringsverse uit jou memoriseringshouer minstens eenmaal per dag vir 'n tydperk van 5 weke. Dus, herhaal/repeteer jy elke nuut geleerde Bybelvers 35 maal voordat jy die Bybelvers van jou memoriseringshouer af oorplaas na jou memoriseringslêer.

2. Mondelinge herhaling van die ou Bybelverse in jou memoriseringslêer

“Herhaling/repetisie van die ou Bybelverse” beteken dat jy al jou ou Bybelverse in jou memoriseringslêer minstens elke 3 weke herhaal. Die herhaling/repetering van vroeër geleerde Bybelverse is die beste metode om hulle nie te vergeet nie en steeds noukeurig aan te haal. Herhaal/repeteer daarom 5 uit elke 100 ou memoriseringsverse uit jou memoriseringslêer minstens eenmaal per dag. Dus, herhaal jy al jou voorheen gememoriseerde Bybelverse een keer elke drie weke.

3. Hou jou memoriseringshouer byderhand.

Plaas elke dag jou laaste 5 nuut gememoriseerde Bybelverse en 5 uit elke 100 vroeëre gememoriseerde Bybelverse in jou memoriseringshouer en hou dit die hele dag byderhand. Gebruik los tye wat jy moet wag of iewers heen moet ry as geleenthede om hulle te herhaal, daaroor na te dink en daaroor te bid.

4. Kontroleer akkuraatheid.

Kontroleer jouself gereed om vas te stel of jy die geleerde Bybelverse wel goed geleer het en nog korrek kan aanhaal. Kontroleer mekaar se 5 laaste geleerde Bybelverse twee-twee gedurende elke byeenkoms van die groep. Kontroleer of die ander persoon die onderwerp, die teksverwysing, die Bybelvers en die teksverwysing nog sonder 'n fout kan herhaal. Gee as wenk “die onderwerp”, of “die teksverwysing” of “die eerste reël van die Bybelvers”.

B. HERHAAL/REPETEER TWEE-TWEE DIE REEKS: “DIE CHRISTELIKE SEKERHEDE”

1. Sekerheid van verlossing: Johannes 10:28. “Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie.”
2. Sekerheid van verhoorde gebede: Johannes 16:24. “Tot nou toe het julle nog nie in my Naam gebid nie. Bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees.”
3. Sekerheid van oorwinning: 1 Korintiërs 10:13. “Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan.”
4. Sekerheid van vergifnis: 1 Johannes 1:9. “Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.”
5. Sekerheid van God se leiding: Spreuke 3:5-6. “Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.”

4	BYBELSTUDIE (70 minute)	[LEWENSVRAE] HOE DRA EK VRUG? JOHANNES 15:1-17
---	-------------------------	---

Maak gebruik van die vyf stappe metode van Bybelstudie om saam Johannes 15:1-17 te bestudeer.

STAP 1. LEES.	GOD SE WOORD
<i>Lees.</i> KOM ONS LEES Johannes 15:1-17 saam. Lees elkeen een versie totdat die hele gedeelte klaar gelees is.	

STAP 2. ONTDEK.	WAARNEMINGS
<i>Oorweeg.</i> WATTER WAARHEID IN HIERDIE SKRIFGEDEELTE IS VIR JOU BELANGRIK? of WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK JOU GEDAGTES OF JOU HART? <i>Teken aan.</i> Ontdek een of twee waarhede wat jy verstaan. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes in jou notaboek. <i>Deel.</i> (Nadat die groeplede omtrent twee minute tyd gehad het om na te dink en te skryf, laat almal deel wat hulle ontdek het). Kom ons gee elkeen 'n kans om met die ander te deel. (Die volgende is voorbeelde van ontdekkings wat mense deel. Onthou dat elke kleingroep se lede dinge sal deel wat nie noodwendig dieselfde gaan wees as wat hier volg nie.)	

15:5

Ontdekking 1. Ek het invloed as ek in Christus bly.

“Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie”. Ek wil graag 'n persoon wees wat baie vrug dra vir God. Dit is alleen moontlik as ek in *Jesus Christus* bly en Hy in my. Die belangrike punt is dat ek sonder Hom geen vrug kan dra wat vir ewig gaan hou nie. Dit laat my nadink. Soms is ek só besig met Christelike aktiwiteite dat ek nie by my verhouding met Christus Self uitkom nie! Het my dade en aktiwiteite dan enige vrug wat vir ewig hou? Ek kan alleen glo dat my aktiwiteite vir God sal vrug dra in die ewigheid, solank as wat ek in Christus bly, soos wat Hy in my bly. Ek wil nie eendag ontdek dat ek baie besig was, maar dat ek nie enige vrug vir God gedra het nie.

15:8

Ontdekking 2. Ek het invloed as ek God verheerlik.

“My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is” (Johannes 15:8). Ek wil graag God verheerlik en sy dissipel wees. Maar dan moet ek baie vrugte dra. En dit is alleen moontlik as ek in Christus bly en Hy in my. Dit is dus duidelik vir my dat die hoogste doel vir 'n Christen is *om God te verheerlik* en 'n dissipel van Jesus te wees. Twee sake is nou baie belangrik: my persoonlike verhouding met Jesus Christus en vrug dra. Hierdie twee dinge kan nie van mekaar geskei word nie.

STAP 3. VRA.	UITLEG
<i>Oorweeg.</i> WATTER VRAAG OOR ENIGE IETS IN HIERDIE GEDEELTE SOU JY VIR DIE GROEP WOU VRA? Kom ons probeer al die waarhede in Johannes 15:1-17 verstaan en vra vrae oor die dinge wat ons nog nie verstaan nie. <i>Teken aan.</i> Formuleer jou vraag so duidelik as moontlik. Skryf dan jou vraag in jou notaboek. <i>Deel.</i> (Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en skryf, laat elke persoon eers sy vraag deel.) <i>Bespreek.</i> (Kies dan 'n paar van hierdie vrae en probeer hulle beantwoord deur hulle saam in die groep te bespreek.) (Die volgende is voorbeelde van vrae wat studente vra en notas oor die bespreking van die vrae.)	

15:1-17

Vraag 1. In watter literatuur genre is hierdie Bybelgedeelte geskryf – 'n gelykenis of 'n allegorie?

Aantekeninge.

- 'n Voorbeeld van gewone onderrig is Johannes 14:15-27.
- 'n Voorbeeld van 'n gelykenis is Lukas 10:30-35.
'n Gelykenis is 'n gewone aardse verhaal met 'n hemelse boodskap (betekenis). Die boodskap van die gelykenis van die barmhartige Samaritaan is, “Jy is 'n naaste vir iemand aan wie jy barmhartigheid bewys.”
- Voorbeelde van allegorieë in die Bybel is Johannes 10:1-18 en Johannes 15:1-8.
'n Allegorie is 'n uitgebreide vergelyking en het 'n verskeidenheid vergelykings. In die allegorie van die wynstok en die ranke, byvoorbeeld, is die boer 'n simbool vir God die Vader; die wingerdstok 'n simbool van Jesus Christus; die lote wat vrugte dra is 'n simbool vir die egte Christene, maar die lote wat nie vrug dra nie is 'n simbool vir naam-Christene of nie-Christene. Omdat die wingerdstok en die lote simbole vir mense is, is die vrugte veral 'n simbool van mense en nie van karaktereenskappe nie. Die allegorie sê nie dat Jesus Christus 'n egte wingerdstok is waaraan lote en vrugte groei nie. Maar dit gee te kenne dat die verhouding tussen Jesus Christus en mense simbolies vergelyk kan word met 'n wingerdstok, lote en vrugte. In 'n allegorie moet ons nie elke onderdeel probeer uitlê nie.

15:2

Vraag 2. Wat is die aard van die vrug wat ons as Christene moet dra?

Aantekeninge. Die woord “vrug” het verskillende betekenisse in die Bybel.

- In Kolossense 1:6 is die vrug van die verkondiging van die evangelie “nuwe gelowiges”.
- In Johannes 15:16 is die vrugte wat sal hou ’n aanduiding van “volwasse en funksionerende Christene” in teenstelling tot naam-Christene wat terugval in hulle ou lewenswyse. Dit is ’n aanduiding vir “dissipels” van Jesus Christus.
- In Lukas 3:8-14 is die vrug ’n versamelnaam vir goeie werke “wat by die bekering pas” (Lukas 3:8) (vergelyk Efesiërs 2:10).
- In Galasiërs 5:22-23 is die vrug van die Gees ’n versamelnaam vir “christelike karaktereienskappe”.

Ons kan dus afsluit en sê dat die vrug wat Christus verwag dat Christene sal dra, is die vrug van evangelisasie (nuwe Christen gelowiges); die vrug van dissipelmaking (volwasse funksionerende Christen gelowiges); die vrug van goeie werke (Christelike daede) en die vertoning van die vrug van die Gees (Christelike karakter).

15:2

Vraag 3. Wat gebeur by die ‘snoei’?

Aantekeninge.

Terwyl God in die laaste oordeelsdag die dooie lote en die lote sonder enige vrug (die ongelowiges, die nie-Christene en naam-Christene) (Matteus 13:41) sal afsny, bymekaarmaak en op ’n hoop verbrand, sal Hy die lewendige lote wat wel vrug dra (die gelowiges, die werklike Christene)(Matteus 13:38,43) in die laaste oordeelsdag in die finale fase van sy Koninkryk inbring.

Maar voor die laaste oordeelsdag is God steeds besig om Christene te snoei. “Snoei” is figuurlik die berisping, teregwyding, bestraffing en toelaat van ontberings, teenstand en vervolging: alles met die oog daarop dat Christene nog meer vrugte sal gaan dra. Ware Christene word deur hierdie moeilikhede gevorm en verander sodat hulle nog meer invloed op ander mense kan hê.

15:3

Vraag 4. Watter ‘woorde’ van Jesus het die dissipels gereinig?

Aantekeninge. Die woorde wat die dissipels gereinig het, is die woorde van die evangelie wat gelei het tot hulle wedergeboorte en regverdiging (Jakobus 1:18; 1 Petrus 1:23). Die dissipels was alreeds egte lewende lote aan die wynstok, m.a.w. opregte kinders van God. Nou spoor Jesus hulle aan om nog baie meer, en blywende, vrugte te dra. Die woorde van christelike onderwysing lei natuurlik ook tot heiliging en transformasie (Efesiërs 5:26).

15:4-5

Vraag 5. Wie is die mense wat vrug dra (wat invloed het)?

Aantekeninge. In vers 4 lees ons, “Julle moet in My bly en Ek in julle. ’n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie”. Die mense wat vrugte dra, is diegene wat baie naby Jesus gekom het en ’n lewende verhouding met Hom staan, deurdat hulle Hom in hulle harte en lewens aangeneem het en daagliks met Hom in hulle harte en lewens omgaan. Omdat Jesus Christus nou in hulle bly, is hulle waaksaam, ywerig en dra volhardend vrug.

15:6

Vraag 6. Wie is die mense wat nie vrug dra nie?

Aantekeninge. Hierdie allegorie is nie ’n beskrywing van die natuurlike groeiproses van ’n wingerdstok wat vroeër ’n aantal groen en vrugdraende lote gehad het nie, maar later uitgedroog en vrugtelos geword het en toe afgesny is. Hierdie allegorie beskryf eerder twee soorte lote:

- lewende lote wat vrugte dra
- en dooie lote wat nooit vrugte gedra het nie.

Die allegorie beskryf *net dit* en mens moenie jou eie vrae en gedagtes hier inbou nie.

Die lote wat vrug dra, simboliseer die egte Christene, die ware gelowiges in Jesus Christus. Maar die lote wat sonder vrug bly, is nie ’n simbool van mense wat vroeër egte gelowiges was en toe later afvallig geword het nie. Die allegorie leer duidelik dat die lote wat versamel word en in die vuur gegooi word ’n simbool is van mense wat nie lewe nie en nie vrugte gedra het nie. Hulle het nooit ’n innerlike verhouding met Jesus Christus gehad nie en hulle het nooit eers eenmaal vrug gedra nie, selfs al lyk hulle in die oë van ander gemeentelede asof hulle baie naby Jesus lewe. Miskien reken hulle hulself as deel van die Christene, is selfs gedoop en gaan kerk toe. Daar hoor hulle die prediking, maar hulle het egter geen vrug gedra nie! Alhoewel hulle in die gemeente naby Christus is, was hulle nooit “in Christus” (vgl.

Kolossense 3:3) nie en Christus nooit “in hulle” (vgl. Kolossense 1:27) nie; hulle was dus nooit ware gelowiges nie. Hulle sogenaamde “in Christus” verhouding was net uiterlik. Hulle verhouding was nooit ’n wedergebore verhouding nie (Johannes 3:3-8)! Die allegorie van die wynstok en die lote leer glad nie dat wedergebore Christene hulle verlossing (redding/saligheid) kan verloor nie! Dit sou teenstrydig wees met Jesus Christus se duidelike onderrig in Johannes 5:48 en Johannes 10:28 dat wedergebore Christene die ewige lewe het, dat hulle nooit verlore sal gaan nie en dat niemand hulle uit die hand van Christus kan roof nie! Die Bybel het nooit teenstrydige leerstellings nie!

Hierdie allegorie leer dat naam-Christene vrugtelos sal bly, maar dat egte (wedergebore) Christene altyd vrug sal dra! Naam-Christene se verhouding met Jesus bly uiterlik. Hulle kan wel aan christelike aktiwiteite deelneem, maar dra geen vrug vir die ewigheid nie. Jesus Christus benadruk die verantwoordelikheid van elke Christen wat deur die verkondiging van die evangelie naby Jesus gebring is, dat as hy die Woord van God verontagsaam en die lig wat hy gekry het (Johannes 1:9) verwerp (Johannes 1:11), dan kom daar ’n tyd dat God nie langer in hom sal werk nie. Die Heilige Gees hou dan op om hom te oortuig, m.a.w. sy gewete hou op om hom te waarsku, sy hart word verhard en hy bekeer hom nie tot God (die God van die Bybel) nie. Uiteindelik word hy dan verwerp en in die hel gegooi (vgl. Jesaja 6:9-10; Matteus 3:11-15; Hebreërs 3:7-11). Dit is duidelik dat so ’n mens nooit weergebore was nie!

Voor die wederkoms van Christus is die christelike Gemeenskap (die Gemeente) as ’n onderdeel van die Koninkryk van God in die huidige situasie ’n gemengde geselskap wat bestaan uit ware Christene en naam-Christene (Matteus 13:24-30,36-43). Hierdie naam-Christene lyk baie keer net soos die ware Christene, maar hulle harte en lewens is nie weergebore nie. Hulle praat wel soos Christene en gedra hulle soos Christene (Matteus 7:21-22). Hulle is egter onkruid wat netso lyk soos graan (Matteus 13:24-30,47). Hulle lyk asof hulle deel van die wynstok is, maar is alleen maar uitgedroogde onvrugbare lote (Johannes 15:6). Hulle is lede van die kudde wat die waarheid verdraai om ander Christene vir hulle gedagterigting te probeer wen (Handelinge 20:29-31). Hulle is valse apostels wat ander gees het, ander Jesus het en ander evangelie verkondig wat nêrens in die Bybel gevind word nie (2 Korintiërs 11:4,13-15). Hulle is valse broers wat die gemeente binnegekom het om die waarheid te verdraai (Galasiërs 1:6-9; 2:4-5).

Naam-Christene is mense wat wel eenmaal verlig was deur die christelike boodskap (Johannes 1:9), wat selfs gedoop kan wees en deelneem aan die nagmaal, wat die prediking van God se Woord elke week hoor en die krag van die toekomstige wêreld geproe het, m.a.w., wat gedeel het in dit wat die Heilige Gees in die gemeente doen, en tog daarna afvallig word. Hulle kruisig dus weer die Seun van God en maak Hom bespotlik (deur hulle ongeloof, ongehoorsaamheid en gedrag wat nie verander nie) (Hebreërs 4:2,6). Wanneer hulle lewens dan dorings en distels voortbring, bewys hulle wat hulle nog die hele tyd so was: geen ware loot aan die wynstok nie, maar droë en dooie lote wat verwerplik is, naby die vervloeking is en uiteindelik verbrand sal word (Hebreërs 6:4-8). Slegs as sulke mense waarlik weergebore word, sal God hulle heeltemal vergewe (Hebreërs 8:10-12) en sal hulle ook vrug dra.

15:5,7

Vraag 7. Wat beteken dit om in Christus te bly?

Aantekeninge. Vers 7 sê, “As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry”. Om in Christus te bly is onlosmaaklik daaraan verbind dat Christus se woorde in die Christen bly. Verse 9-10 sê, “Julle moet in my liefde bly. As julle my opdragte uitvoer, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die opdragte van my Vader uitvoer en in sy liefde bly”. Om in die liefde van Christus te bly is ook verbind aan die hou van sy gebooie. Hoewel Christus eerste die woorde tot elke nuwe Christen spreek en eerste is wat die Christen liefhet, bly dit die nuwe Christen se verantwoordelikheid om te reageer op die woorde en liefde van Christus. Die Christen moet hom beywer om persoonlike verhouding met Christus te hê en sy woorde te gehoorsaam. Hy moet Jesus Christus liefhê met sy hele hart, siel en verstand en doen wat Christus sê. As ’n Christen Jesus nie regtig liefhet nie of sy woorde nie gehoorsaam nie, dan bly hy ’n droë en dooie loot wat eenmaal bymekaargemaak en in die vuur gegooi sal word.

15:7

Vraag 8. Wat is die verskil tussen die uitdrukkings: “dissipels wat in die woorde van Christus bly” (Johannes 8:31-32) en “die woorde van Christus wat in die dissipels bly” (Johannes 15:7)?

Aantekeninge.

- Johannes 8:31-32 leer dat ware dissipels van Jesus Christus iets met die woorde van God doen. Ware dissipels van Jesus Christus hoor, lees, bestudeer, mediteer, memoriseer, gehoorsaam God se woorde (die Bybel) en gee dit ook aan andere deur. In kort: die dissipels doen wat die Bybel sê en gee die boodskap van die Bybel deur aan andere.
- Johannes 15:7 leer dat die woorde van God (Jesus Christus) iets aan die ware dissipels doen. Die woorde van Jesus Christus verander egte dissipels. Ware dissipels van Jesus Christus laat toe dat die woorde van Jesus Christus hulle gedagtes en oortuigings, hulle motiewe en verlangens, hulle houdings en gevoelens en hulle woorde en dade (gedrag) beïnvloed en beheers. In kort: die woorde van die Bybel verander (transformeer) die dissipels!

15:7

Vraag 9. Watter verband is daar tussen die woorde van Christus en gebed?

Aantekeninge. In vers 7 lees ons “As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry”. Wanneer ’n Christen toelaat dat die woorde van Jesus Christus hom beïnvloed en sy lewe beheer, dan sal hy ervaar dat baie van sy gebede beantwoord word (1 Johannes 5:14). Dít is ’n baie groot belofte!

15:8

Vraag 10. Wat behoort die mate van vrugbaarheid te wees?

Aantekeninge. Volgens vers 5 en vers 8 word van Christene verwag om “baie vrugte” te dra. Hulle sal baie vrugte dra as hulle in Christus bly en Christus in hulle. Dít is die resultaat wanneer God die Vader hulle snoei, d.w.s. berispe, straf, tereg wys en hulle dissipline en volharding leer deur ontberings en moeilikhede (vers 2). Dit is ook die resultaat wanneer Christus hulle uitstuur om vrugte te dra wat sal hou (vers 16). Volgens die gelykenis van die saaiër in Matteus 13 dra Christene dertigvoudig, sestigvoudig en selfs honderdvoudig vrug!

De redes waarom sommige Christene meer vrug dra as andere, kan die volgende wees:

- Christene wat die meeste vrug dra, is meer berouvol, vertrouend, lojaal, ywerig, moedig, sagmoedig, ens. as ander Christene in die manier waarop hulle op die woorde van God reageer.
 - Christene wat die meeste vrug dra, is meer produktief in hulle bediening van evangelisasie en dissipelmaking as ander Christene.
 - Christene wat die meeste vrug dra, ontvang van God ander persoonlikhede, genadegawes en omstandighede in hulle lewens. God is die enigste Gewer en die enige Regter in hierdie saak.
-

15:9-12

Vraag 11. Hoe kan Christene mekaar liefhê?

Aantekeninge. Vers 1-11 kan saamgevat word met die woorde, “Bly in Christus en in sy liefde” En verse 12-17 kan weer saamgevat word met, “Julle moet mekaar liefhê!” Daarom is dit duidelik dat Christene alleenlik mekaar sal kan liefhê as hulle in Christus en in die liefde van Christus bly. Wanneer Christene hulle beywer vir ’n persoonlike verhouding met Christus en sy woorde gehoorsaam, sal Christus hulle ook die vermoë gee om mekaar lief te hê! In Markus 12:30-31 gee Jesus Christus aan Christene die gebod om God lief te hê en hulle naaste lief te hê soos wat hulle hulleself liefhet. Maar in Romeine 5:5 stort God deur sy Heilige Gees sy liefde in die harte van nuwe gelowiges uit. Dus, as God aan Christene ’n bevel gee, gee Hy ook aan hulle die vermoë om die bevel uit te voer! God beveel liefde, maar skenk ook self daardie liefde waarmee hulle kan liefhê!

15:10,14

Vraag 12. Wat is die verband tussen gehoorsaamheid en liefde?

Aantekeninge. Die praktiese manier om in Christus en in sy liefde te bly en om sy vriend te bly is om sy woorde te gehoorsaam! Maar ons moet as Christene wel besef dat óns liefde nooit die eerste kom nie.

- Jesus Christus het ons eerste liefgehad deur gehoorsaam te wees aan God se plan om sondaars te red en vir ons te sterf.
 - Nadat Jesus dit gedoen het, het Hy iemand na ons toe gestuur om die evangelie aan ons te vertel.
 - Toe ons tot die punt gekom het om in Jesus Christus te glo, het Hy sy Heilige Gees met sy liefde in ons hart uitgestort.
 - Met die liefde van Christus in ons, WÍL ons nou die woorde van Christus gehoorsaam, KÁN ons nou die woorde van Christus gehoorsaam en SÁL nou ons die woorde van Christus gehoorsaam!
 - Deur die woorde van Christus te gehoorsaam, skep Christus ’n groter liefde vir Hom in ons. So begin ’n nuwe en groter siklus van liefde en gehoorsaamheid! Die liefde van Christus skep wederliefde in ons harte. Hierdie liefde in ons lei ons tot gehoorsaamheid. Ons gehoorsaamheid maak dat Christus nog meer liefde in ons harte laat ontspring. En ons groter liefde lei tot nog groter gehoorsaamheid! En so hou dit aan en aan.
-

15:13

Vraag 13. Wat is die ‘groter liefde’?

Aantekeninge. In verse 12-13 lees ons, “Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet. Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê”. Die grootste liefde lê sy lewe af vir ander. Jesus Christus het ons almal lief met hierdie “grootste liefde” toe Hy in ons plek aan die kruis gesterf het. Sy liefde was volmaak en onselfsugtig en selfopofferend. Sý liefde in ons maak dat ons die beste mense word wat ons ooit kan word! Dít is die groter liefde van Jesus Christus.

Nou beveel Jesus Christus ons om andere met hierdie groter liefde lief te hê. Christene behoort dus mekaar onselfsugtig en selfopofferend lief te hê. Dít is ’n liefde wat die ander een help om sy allerbeste vir God en vir mense te wees. Natuurlik sterf ons nie aan die kruis in die plek van ander nie, maar ons kan wel ons lewe op ’n onselfsugtige en selfopofferende wyse leef en selfs aflê vir andere. Dit is die groter liefde van Christen dissipels!

15:16

Vraag 14. Wat is die verband tussen gebed en vrug dra (invloed hê)?

Aantekeninge. Vers 16 sê “Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra”. ’n Ware Christen bid dat hy vrug mag dra en hy sal vrug dra in antwoord op die gebed. As Jesus Christus ons Christene uitstuur om vrugte te dra wat sal hou, dan besef ons dat ons slegs vrugte kan dra wat sal hou as ons self afhanklik van die krag, wysheid en liefde van Jesus Christus bly. Daarom bid ons Christene vir moed en gehoorsaamheid om uit te gaan na ander mense en vir wysheid en liefde om hierdie mense te help om vrugte te word wat sal hou. Jesus Christus het ons belowe dat Hy ons gebede sal verhoor!

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE GEDEELTE IS VAN TOEPASSING OP CHRISTENE VANDAG?

Deel en teken aan. Kom ons hou ’n dinkskrum en skryf moontlike toepassings van Johannes 15:1-17 neer.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS IN JOU LEWE?

Teken aan. Skryf hierdie persoonlike toepassing in jou notaboek. Neem die vrymoedigheid om jou persoonlike toepassing met andere te deel.

(Onthou dat die persone in elke groep verskillende waarhede sal toepas of selfs ander toepassings sal maak van die dieselfde waarheid. Die volgende is ’n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Johannes 15:1-17.

- 15:1. Wees heeltemal oortuig dat daar geen ander Verlosser is as Jesus Christus nie! Hy is die enigste Ware Wingerdstok.
- 15:2. Laat God die Vader toe om in jou lewe te snoei sodat jy nog meer vrug kan dra.
- 15:3. Glo in die evangelie waardeur jy geregverdig is. Bly steeds meer woorde in die Bybel glo, sodat jy nog meer regverdig en heilig word.
- 15:4-5. Bly diep oortuig dat jy net ‘baie vrug’ en ‘vrug wat hou’ kan dra deur ’n persoonlike verhouding met Jesus Christus.
- 15:6. Help mense wat na die gemeente kom om Jesus Christus in hulle harte en lewens in te nooi (2 Korintiërs 13:5 en Openbaring 3:20).
- 15:7. Laat die woorde van Christus elke gebied in jou lewe beheer en jou verander.
- 15:7. Glo dat daar twee belangrike voorwaardes is voordat God jou gebede beantwoord: Jy moet ’n persoonlike verhouding met Jesus Christus hê en die woorde van Jesus Christus (die Bybel) moet jou lewe beheer.
- 15:8. Besef dat een eienskap van ’n dissipel is dat hy baie vrug dra. Wy jou daaraan toe om baie vrug vir die Here Jesus Christus te dra.
- 15:9-10. Bly voortdurend in ’n liefdesverhouding met Jesus Christus lewe deur sy woorde te gehoorsaam (Johannes 14:21,23).
- 15:11. Die christelike blydskap is nie ’n gevolg van sukses in hierdie lewe nie, maar is die vrug van ’n persoonlike verhouding met Christus, gehoorsaamheid aan sy woorde en beantwoorde gebede.
- 15:13. Beoefen die groter liefde. Dít doen jy deur jou lewe af te lê vir jou vriende.
- 15:14. Wees ’n vriend van die Here Jesus Christus deur sy woorde te gehoorsaam (Jakobus 4:4).
- 15:15. Deel wat jy van Jesus Christus leer met jou vriende.
- 15:16. Neem die inisiatief, en gaan maak mense uit alle volke dissipels van Jesus Christus (Matteus 28:18-20).
- 15:16. Glo dat wanneer jy by die groot opdrag (Matteüs 28:18-20) betrokke is, Jesus Christus jou gebede sal beantwoord!

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Johannes 15:1-17.

Ek vra God vir genade om my persoonlike verhouding met Hom te bly ontwikkel. Ek wil elke dag genoeg tyd maak om sy Woord (die Bybel) te lees en te bestudeer en na te dink hoe om dit uit te voer. Ek is oortuig dat gehoorsaamheid aan die woorde van Christus sal lei tot ’n groter liefde vir Christus en om meer vrug te dra.

Ek vra God vir genade om ‘meer’ en ‘blywende’ vrug te dra. Jesus Christus het my gered en tot ’n lewende loot in sy wingerdstok gemaak. Sý lewe vloei in my deur sy Gees in my liggaam en alleen dít kan my vrugbaar maak. Ek verlang al meer om blywende vrug (vrug wat hou) te dra. Daarom bly ek my persoonlike verhouding met Hom ontwikkel deur sy woorde te gehoorsaam, deur gebed en sý kinders lief te hê.

STAP 5. BID.

REAKSIE

MAAK BEURTE OM TE BID OOR EEN WAARHEID WAT GOD ONS GELEER HET in Johannes 15:1-17).

(Reageer in jou gebed op wat jy in hierdie Bybelstudie geleer het. Oefen om net een of twee sinne te bid. Onthou dat mense in elke groep oor verskillende sake sal bid.)

5	GEBED (8 minute)	<i>[VOORBIDDING]</i> BID VIR ANDER MENSE
---	------------------	---

Gaan voort om te bid in groepies van twee of drie. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12; Jakobus 5:16).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	<i>[OPDRAGTE]</i> VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
---	--------------------------	---

Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit of laat hulle dit neerskryf.

1. **Toewyding.** Wy jou daaraan toe om dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die Bybelstudie van Johannes 15:1-17 met iemand anders of met 'n klein groepie mense.
2. **Persoonlike tyd met God.** Hou elke dag stiltetyd uit ongeveer 'n halwe hoofstuk van Johannes 15:1 – 18:27. Maak gebruik van die gunsteling waarheid metode. Maak aantekeninge.
3. **Memorisering.** Herhaal elke dag die vyf Bybelverse uit serie A: "Die Christelike sekerhede".
Leer die gewoonte aan om elke dag jou laaste 5 Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het te herhaal (te repeteer).
4. **Gebed.** Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. **Hou jou notas op datum.** Sluit die notas oor stiltetyd, memorisering, Bybelstudie en hierdie voorbereiding daarby in.